**LAERSKOOL KRUGERPARK**

# *Verhuringsbeleid*

## Beleid vir die verhuring van skooleiendom

Hierdie dokument is die verhuringsbeleid van Laerskool Krugerpark wat op **30 September 2018** deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Hierdie dokument het betrekking op die verhuring van eiendom op die skoolterrein aan buite-instansies vir privaatgebruik. Dit sluit in die sportgeriewe en kleedkamers, sporthuis, lapa, skoolsaal en enige ander gebou op die terrein. Dit word duidelik beklemtoon dat die diskresie oor verhuring ten volle berus by die Beheerliggaam en/of die skoolhoof en dat enige skoolfunksie voorrang sal geniet by die besluitneming.

## VOORWAARDES VIR VERHURING

1. Skriftelike aansoek moet op voorgeskrewe vorm voltooi word wat by die skool beskikbaar is.
2. Sodanige aansoek moet nie later as drie maande voor beplande funksie ingehandig word nie.
3. ʼn Terugbetaalbare deposito en huurgeld is vooruitbetaalbaar sodra die aansoek goedgekeur is.
4. Die naam van die instansie asook ʼn volledige adres en kontakbesonderhede van die instansie en/of verantwoordelike persoon moet duidelik verskaf word.
5. Die doel en besonderhede van die funksie moet ook duidelik omskryf word.
6. Slegs die gedeelte wat verhuur word, mag gebruik word en die res van die terrein word as buite perke beskou.
7. Dit word van die huurder verwag dat die terrein in ʼn skoon en netjiese kondisie gelaat word na afloop van die funksie by gebreke waarvan ʼn eksterne skoonmaakdiens gekontrakteer sal word en sodanige kostes van die deposito verhaalbaar sal wees.
8. Enige breekskade wat mag voorkom is vir die rekening van die huurder en moet sonder versuim vereffen word.

9. Na afloop van die funksie, sal dit die huurder se plig wees om te sorg dat die terrein ordentlik gesluit en beveilig is, hetsy deur homself en/of 'n verantwoordelike persoon betrokke by die skool soos vooraf gereël.
10. Die skoolterrein is in 'n woonbuurt geleë en dieselfde reëls ten opsigte van rusverstoring en skadelike gedrag geld as wat deur die landswette omskryf word. Die huurder is derhalwe verantwoordelik vir die ordelike verloop van sy doen en late. Indien die skoolhoof en sy verteenwoordiger van mening is dat daar enige ongerymdhede plaasvind, sal die huurder dadelik die terrein moet verlaat sonder terugbetaling van huurgeld en/of deposito.
11. Die kostes van die persele wat verhuur word varieer na gelang van grootte en tydsduur en is nie konstant nie. Sodanige kostes is by die skoolkantoor beskikbaar.
12. Voertuie mag slegs op die aangewese parkeerplek geparkeer word.
13. Die skool is nie verantwoordelik vir enige skade of verlies aan 'n voertuig of enige ander persoonlike besitting of besering wat op die terrein mag plaasvind nie.
14. Daar mag slegs op aangewese braaiplekke vuur gemaak word en vure moet beheer en na gebruik geblus word voordat die verantwoordelike persoon die terrein verlaat.
15. Geen Politieke byeenkomste sal toegelaat word nie.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

Beheerliggaamvoorsitter

Hoof: Laerskool Krugerpark